



## NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING VAN APIESRIVIER LANDELIKE BBV WAT OP 22 OKTOBER 2011 OM 14:00 GEHOU IS, TE LUDWIG ROSE, WALMANSTHALLPAD 58, HAAKDOORNLAAGTE.

---

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Peet Dorfling open die vergadering deur 'n skrifgedeelte uit Hibreers 12 te lees gevolg deur 'n gebed. Daarna heet hy almal teenwoordig welkom en versoek dat almal die presensielys voltooi.

### 2. TEENWOORDIG

Soos per presensielys.

### 3. VERSKONINGS

Jan le Roux  
Arie Beetge (Tesourier)  
Jan en Christa Swanepoel  
Stephan en Mariaan Pretorius  
Christa Immelman  
Deon Joubert  
Kobus en Corne Theron  
Derik en Ria Botha  
Ernst Snyman  
Deon Fourie  
Livio Heath  
Francois en Marika de Klerk  
Gert van der Waal  
David Blyth  
Jurg Schultz  
Mynie Mare  
Timothy en Astrid Murray  
Ida Stolts  
Sylvia Langehoven  
Fred Mantle  
Ian en Ingrid Melvin  
Walther Blersch  
Gert Delpport  
Chris van der Merwe  
Johan en Annelise van Aardt

### 4. LIEF EN LEED

#### Geboortes:

Marietjie Peense (L6SY) het ouma geword

Pieter en Annatjie Swart (O4VK) het oupa en ouma geword van 'n tweeling seuns - Lukas en Christelle Swart (D4VK) is die trotse ouers van die tweeling.

Wimpie en Natasha van der Walt (O92VK) is 'n dogtertjie ryker - Willie en Elsabe van der Walt (O41VK) is die trotse grootouers van die dogtertjie.

Walter en sy vrou (O64VK) is ook 'n baba ryker.

#### Huwelike:

Christa Immelman se dogter trou in November.

#### Siek gevalle:

Christa Swanepoel (O19VK) het 'n ernstige brein operasie ondergaan en is steeds besig om te hersel.

Ben Maree (O49VK) was siek.

Devilliers Cooks (O2VK jnr) het sy arm gebreek en het goed herstel.

Serge Hartzenberg (O8VK) was in 'n motor ongeluk - gelukkig nie beseer nie.

Ansia van Dyk (B2VK) het 'n oor operasie ondergaan.

Ellen van Wijk en Tannie Franna het herstel na n plaas aanval.

Ans Dorfling (A3VK) was siek.

Oom Karel en Tannie Janette Dirker was in 'n motor ongeluk, gelukkig nie ernstig beseer nie. Noreen Schutte (O29VK) se moeder het haar heup gebreek maar het goed herstel. Audrey Kruger (O27VK) is tans in remissie met die kanker - waarvoor ons baie dankbaar is. Tannie Emmie van Niekerk (O15VK) herstel na siekte. Pieter de Beer (A2VK) het 'n mond operasie gehad, gaan goed met hom. Petro Smal (O33VK) het 'n skouer operasie gehad en herstel goed. Christa Botha (D13VK) het haar ribbes gebreek, gaan goed met haar. Roelie Roelofse het 'n rugoperasie gehad - het goed herstel. Coenie Ackerman (O78VK) het 'n ernstige breuk operasie ondergaan, dit gaan al beter. Hettie Dorfling het pampoentjies gehad en het goed herstel. Marnus Janse van Rensburg (O88VK) was in 'n motor ongeluk maar is gelukkig nie ernstig beseer nie. Arie Beetge is in die hospitaal wens hom 'n spoedige herstel toe. Dina de Beer se kornia in haar oog het geskeur, sy kry tans behandeling. Neels Boshoff is ook in die hospitaal en ons wens hom 'n spoedige herstel toe. Harry Fourie is in die hospitaal met nierstene, wens hom 'n spoedige herstel toe.

#### Sterftes:

Henry Knox 'n brandweerman van Wonderboom stasie.  
Johan Raaths.  
Gert Richards.  
Tiaan Combrink (O52VK) se vader is oorlede.  
Martiens Vorster (O78VK) se vader is oorlede.  
Marietjie Peense (L6SY) se moeder is oorlede.  
Christene Walters (O69VK) se vader is oorlede.

#### **5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**

Die notule van 4 Desember 2010 word voorgehou aan die lede teenwoordig. Dit word as gelese beskou deur die lede teenwoordig. Spelfoute sal reggestel word. Christo Ayres keur die notule goed en Jan de Jager sekondeer die goedkeuring.

#### **6. VASSTELLING VAN AGENDA**

Die agenda word soos volg vasgestel:

- Opening en verwelkoming
- Presensielys
- Verskonings
- Lief en Leed
- Goedkeuring van vorige notule
- Vastelling van die agenda
- Voorsittersverslag
- Finansies
- Toerusting
- Kommunikasie
- Struktuur
- Lidmaatskap
- Brande
- Administrasie
- Brand Beskermings Offisier
- Nuwe sake
  1. Artikel 21 maatskappy / Gemeenskap trust
  2. Tshwane - onderhoud op Toerusting
  3. Arkbeurte 2011 & 2012
  4. Chippie projek
  5. Verskuiwing van grense
  6. Verkiesing van nuwe bestuur
- Vrae en afsluiting

#### **7. VOORSITTERSVERSLAG (Peet Dorfling)**

- Naam van vereniging:  
Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging
- Datum van registrasie en registrasie no:  
27 Maart 2006  
Reg. No - 1743/01

- Groote van gebied:  
34 000 ha
- Grense:  
Noord: Net voor Hammanskraal  
Suid: Pyramid-Suid spoorlyn  
Oos: N1 Snelweg  
Wes: Mabopane Snelweg
- Die bestuur bestaan uit die volgende lede:  
Uitvoerende Komitee:  
Voorsitter (Alpha 1): Peet Dorfling  
Onder Voorsitter (Alpha 2): Pieter de Beer  
Sekretaresse (Alpha 3): Ans Dorfling  
Tesourier (Alpha 4): Arie Beetge  
Addisionele lid (Alpha 5): Eugene Janse van Rensburg  
Brand Beskermings Offisier: Japie Lengoabala  
  
Bree Bestuur:  
Brandhoof (Bravo 1): Christo Ayres  
Noodhulphoof (Bravo 2): Ansia van Dyk  
Logistiekehoof (Bravo 3): Jan de Jager  
Kommunikasiehoof (Bravo 4): Theunie du Buisson  
  
Administrasie en Koordinering:  
(Charlie 1): Tarien Cooks
- Tshwane Stadsraad se bydrae:
  - ❖ 2 Bakkies (4 x 4 met bakkiesakkies (skit units) op) een is die stadsraad se eiendom en een het die BBV self aangekoop.
  - ❖ 3 x 1000L waterkarretjies
  - ❖ 4 x 500L waterkarretjies
  - ❖ 2 x Jerry kanne (20L) vir addisionele brandstof vir enjins
  - ❖ Brandstof en onderhoud van toerusting
  - ❖ Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se operasionele afdeling
  - ❖ Toerusting is deur die gebied versprei, op grond van lede digtheid in 'n area
  - ❖ Gereedheid, bewustheid en samewerking van lede rondom veldbrande is goed
  - ❖ Brandbestryding en koordinering is goed
  - ❖ Goeie kommunikasie met Tshwane Brandweerdien
  - ❖ Lede en nie-lede word op 'n gereelde grondslag in kennis gestel van die BGI (Brand Gevaar Indeks)
  - ❖ "Firewise" borde is deur die hele gebied opgerig, wat verskaf is deur DAFF (Dept. Of Agriculture, Forestry and Fisheries)
  - ❖ Brandpermitte is met sukses uitgereik wat die BBV meer beheer oor die brande verleen
- Uitdaagings:
  - ❖ Die publiek is traag om brandgereed te wees (bv deur voorbrande in plek te hou en aansoek te doen vir brandpermitte)
  - ❖ Publieke inligting rondom veldbrande gaan stadig
  - ❖ Lang wagtydperk vanaf Tshwane Stadsraad vir die diens van toerusting
  - ❖ Aankoop van nuwe enjins en pompe vir die brandkarretjies wat dan die eiendom van die BBV is
  - ❖ Geen wettoepassing deur Metro Polisie, SAPD en Brandweer
  - ❖ Grootter bewusmakingsveldtog rondom veldbrande moet gedoen word
  - ❖ Geen ongevalle- of regsdekking vir lede
  - ❖ Alle brande word nie deur die publiek aangemeld nie
  - ❖ Lede wat brande blus kry geen vergoeding nie
  - ❖ Gaan moeilik om reserviste te registreer by Tshwane Stadsraad. Was nog nie suksesvol daarmee nie
- Veldbrande van 1 April 2010 tot 31 Maart 2011
  - ❖ Daar word op 'n skerm vertoon hoeveel brande daar in elke gebied was en ook watter maande die meeste brande opgelewer het.
  - ❖ Veldbrande  
1 April 2010 tot 31 Maart 2011 = 336  
Jaar tot op datum 1 April 2011 tot 22 Oktober 2011 = 441

- ❖ Ander Brande  
2010 - voertuig brand - Murrayhill pad  
2010 - Werker brand dood in sy kamer - kromdraai

- Lede aangeleenthede
  - ❖ Ledetal vanaf 1 April 2010 tot 31 Maart 2011  
60 Nuwe lede het aangesluit  
52% styging in vergelyking met verlede jaar
  - ❖ Totale lede bedank  
4 (2 het verhuis en 2 is oorlede)

## 8. Finansies (Pieter de Beer staan in vir Arie Beetge)

- Finansiële state 1 April tot 31 Maart 2011  
Inkomste : R108 637  
Uitgawes : R99 729  
Bedrag van R8 909 oorgedra na die nuwe finansiële jaar.

2012 se begroting

Die bestuur het 'n begroting opgestel en het die vergadering se toestemming nodig om dit goed te keur

Die opgestelde begroting word aan die lede voorgehou die totale bedrag begroot beloop R144 670.

Finansiële state is beskikbaar vir insae deur die lede. Mev M van Dyk keur die voorgestelde begroting goed en Mnr C Ayres sekondeer die voorstel.

- ❖ Ledegeld  
Tans 0 tot 30 ha = R240 per jaar  
Tans 30 ha en meer = R20 ekstra per ha per jaar  
Eenmalige admin fooi = R50  
Daar moet deur die lede besluit word of die ledegelde verhoog gaan word al dan nie. Die bestuur het voorgestel dat dit met 'n klein bedrag verhoog word en dan kan die ekstra inkomste gebruik word om nog meer bates aan te koop. Die gelde is van 2006 af dieselfde en is nog nooit verhoog nie. Daar is 'n boekhou sisteem in plek om te verseker dat rekeninge uitgestuur word en dat die gelde ontvang word. Indien 'n lid nie betaal nie is hy nie meer 'n lid van die BBV nie. Die vraag word gevra wat van persone wat nie betaal nie maar die BBV lede gaan blus steeds brande by daardie persone. Peet meld dat dit as 'n bemerkings strategie beskou moet word want die laaste jaar is redelik baie nuwe lede so gewerf.  
Daar word voorgestel dat die jaarlikse ledegeld na R270 per jaar verhoog word. Dit kom neer op 'n 12.5% verhoging en daar word voorgestel dat hierdie persentasie gebruik moet word om die lede wat groter plase het se lede gelde mee aan te pas. Dit word eenparig so aanvaar.  
Die gelde vir elke ekstra hektaar word dan verhoog na R22.50 per ha.  
Daar word eenparig besluit dat die grootte van die gronde 0 tot 30 ha sal bly.
- ❖ SARS  
Die BBV is geregistreer by SARS, maar wag vir die "Tax clearance" sertifikaat. Dit word benodig om by Staats Departemente te registreer as "Vendor", sodat die Staats Departemente die BBV ledegeld kan betaal.

## 9. Sake Voortspruitend

- 9.1 Toerusting (Jan de Jager)
  - Eerste parade inspeksievorm  
Hierdie dokument is in gebruik geneem om te verseker dat daar behoorlik kontrole oor die toestand van die toerusting gehou kan word.
    - ❖ Daar is ook reels vir die gebruik van die toerusting opgestel en word aan lede beskikbaar gestel
    - ❖ Enige lid wat die toerusting van die BBV wil gebruik moet die vorm voltooi
    - ❖ Die reels vir die gebruik van toerusting moet ook deur elke lid gelees en onderteken word
  - Rapportering van gebreke
    - ❖ Lede wat die toerusting van die BBV gebruik moet Jan de Jager laat weet indien daar enige skade of gebreke aan die toerusting is sodat dit geboekstaaf kan word en die toerusting herstel kan word
  - Logistiek
    - ❖ Lede wat toerusting van die BBV wil gebruik moet met Jan de Jager of Tarien Cooks skakel om reelings te tref alvorens dit gebruik word. Brandkarretjies mag NIE sonder die wete van die bestuur geskuif word nie.
    - ❖ Slegs lede van die BBV het toegang tot die gebruik van toerusting
    - ❖ Die toerusting word strategies geplaas, afhangende van die hoeveelheid lede in 'n area

## 9.2 Kommunikasie (Theunie du Buisson)

- ICASA
  - ❖ Die BBV het 'n lisensie vanaf ICASA ontvang
  - ❖ ICASA se betalingsjaar het verander van 1 Januarie tot 31 Desember NA 1 April tot 31 April
  - ❖ Aansoek vir 3 addisionele privaat kanale is gedoen by ICASA. Daar word nog gewag vir goedkeuring
- Roepseine
  - ❖ Theuns du Buisson en Tarien Cooks moet gekontak word wanneer 'n lid 'n roepsein nodig
  - ❖ Roepseine is as volg:
    - Alpha stasies - Bestuur
    - Bravo stasies - Bree bestuur
    - Charlie stasies- Admin en Koördineering
    - Oscar stasies - Lede
    - Delta stasie - Lede
- Lisensie gelde
  - ❖ Lede wat nie privaat lisensies vir radio's het nie, doen 'n betaling aan die BBV, wat dan 'n oorbetalingsaan ICASA maak
  - ❖ Lisensie gelde sal na die lede gekommunikeer word
- Gebruik van radio
  - ❖ Radio opleiding is verpligtend vir alle radio gebruikers - datums van opleiding vir 2012 sal deurgegee word
  - ❖ 'n Standaard radio prosedure is beskikbaar vir alle radio gebruikers, waaraan almal moet voldoen
  - ❖ Daar is tans 133 radio roepseine in die gebied
- SMS'e
  - ❖ Lede teenwoordig is dit eens dat die SMS stelsel wat in gebruik is 'n baie goeie ding is. Belangrike inligting rakende die BBV en die gemeenskap word per SMS aangestuur.
  - ❖ Indien 'n lid nie tuis is en kan nie antwoord tydens 'n radio roep nie moet 'n sms aan Tarien Cooks of Theuns du Buisson gestuur word.

## 9.3 Struktuur

- Operasionele plan  
Die operasionele plan is volgens die besigheidsplan opgestel
- Koördinering van brande
  - ❖ Al hoe meer nie-lede raak betrokke om brande te blus. Tydens die blus van brande moet daar dissipline en beheer wees
  - ❖ Die landelike area val in Tshwane Metro in 'n D-Sone. Reaksie tyd is minimum 20 minute tot op toneel
  - ❖ Brandweer se pomper en watertenker kan nie die hoof paaie verlaat nie m.a.w. kan nie brand in die veld blus nie
  - ❖ Slegs die Land Cruisers van die Brandweer kan in die veld in beweging
  - ❖ Indien daar komplimente of klagtes oor die Brandweer personeel is, moet dit op skrif aan die Bestuur gestuur word, met die voertuig se registrasienommer, vlootnommer, datum, tyd en plek.
  - ❖ Wanneer die Brandweer op toneel kom, neem die Brandweer bevel en verantwoordelikheid oor
  - ❖ Wanneer daar 'n brand ontstaan moet daar as volg teweerk gegaan word:
    1. Die brand ontstaan
    2. Rapporteer brand aan Tarien Cooks (C1VK)
    3. Brandweer word inkennis gestel deur Tarien
    4. Indien BBV lede beskikbaar is om te help, word daar versoek of hulle kan gaan help
    5. Geaktiveerde partye se aksies by brand word deur 1 persoon gekoördineer
    6. Partye gaan brandlyn na en maak seker alle vure is dood. Stel Tarien inkennis dat brand geblus is
  - ❖ Daar is ook 'n versoek van Tarien se kant af dat volledige besonderhede gegee word as 'n brand aangemeld word. Verkieslik straat naam en nommer. Meld ook of enige strukture in gevaar is.

## 9.4 Lidmaatskap

- Opleiding
  - ❖ Noodhulp opleiding is gedoen vir Vlak 1 en 2 gekombineerd en ook vir Vlak 3. Baie dankie aan LifeMed Ambulansdiens wat die opleidingspakkette verskaf het. Dankie ook aan Tarien wat die opleiding aangebied het. Ansia meld dat daar 'n groot behoefte is vir verdere opleiding. Sy bedank almal wat altyd gereed staan om mense te help tydens brande en selfs ongelukke.

- ❖ 21 Reserviste het hulle mediese ondersoek geslaag en opleiding suksesvol voltooi. Almal is baie gewillig om te help maar Tshwane Stadsraad het nog nie die lede as reserviste geregistreer nie. Die brandbetryders waag gereeld hulle lewens maar die stadsraad gee steeds nie gehoor nie. Selfs lede van die brandweer is nie eens seker of hulle behoorlike dekking het nie. Die BBV bestuur het self al probeer uitvind by organisasies om te kyk of besering aan diens gedek kan word maar sonder sukses. Die bestuur sal aanhou om 'n uitweg te soek.

➤ Lede kaartjies

- ❖ Lede kaartjies is gedruk. Lede wie se ledegeld opbetaal is sal die kaartjie ontvang met 'n unieke nommer

9.5 Brande (Christo Ayres)

- ❖ Brandpermit  
'n Voorbeeld van 'n brandpermit word vertoon. Enige persoon van die publiek wat 'n voorbrand of brand wil maak moet aansoek doen vir 'n brandpermit.
- ❖ Voorbrande
  - \* Daar moet vir enige beheerde brand aansoek gedoen word vir 'n brandpermit
  - \* Brandstrokke moet 2.5 meter wyd wees
  - \* 'n Brandstrook moet vry wees van enige brandbare materiaal
  - \* Lede het toegang tot brandkarretjies om voorbrande te brand mits die brandpermit goedgekeur is
  - \* Die BBV bestuur is onder geen verpligting om voorbrande vir 'n lid te brand nie

Christo bedank almal vir hulle hulp deur die jaar. Dit is 'n riem onder die hart om al hoe meer lede te sien wat help met brande. Versoek dat lede die BBV adverteer by bure en vriende in die gebied. Hoe meer lede hoe beter kan die BBV funksioneer

9.6 Noodhulp (Ansia van Dyk)

➤ Aanmelding van beserings

- ❖ Alle beserings moet aangemeld word by Ansia van Dyk (B2VK), maak nie saak hoe gering nie
- ❖ Beide die bakkies het noodhulp sakke in en indien iemand seerkry kan hulle by die bakkies aanmeld. Indien die persoon op die bakkie nie kan help nie sal hulp per radio ontbied word, want daar is verskeie lede wat opgelei is en wat toerusting beskikbaar het.
- ❖ Lede is ook welkom om die BBV te kontak indien ander beserings by hulle huise opgedoen word. Van die opgeleide lede het al gehelp waar kinders seerkry ens

9.7 Administrasie (Tarien Cooks)

➤ Korrespondensie

- ❖ Working on Fire - stigting van sogenaamde "Umbrella" BBV  
Tarien meld dat die vereniging se bestuur dit tee gestaan het om 'n paar redes.  
WOF is nie by magte om 'n "umbrella" te stig nie maar moet deur die brand verenigings self gestig word.  
WOF kry elke jaar groot bedrae geld van DWAF vir die blus van brande waarom ook baie vrae gevra word.  
Na die BBV bestuur nie wou instem tot 'n "umbrella" nie het DWAF aangekondig dat WOF nie 'n "umbrella" mag stig nie.  
Die saak word verder dopgehou
- ❖ Rol van SAPS in terme van die wet op Veld- en Bosboubrande  
'n Skrywe is ontvang van SAPS hoofkantoor af waarin duidelik gestippileer word dat SAPS moet betrokke raak by veldbrande.  
Inligting is verkry dat Kameeldrif SAPS boetes uitryk, maar Hammanskraal en ander SAPS stasies doen dit nie. Dit is deurgegee na Hammanskraal SAPS maar geen terugvoering tot dusver ontvang nie.
- ❖ Besering aandiens  
Skrywe gerig aan Tshwane Stadsraad om te versoek dat lede BAD dekking moet verkry. Adv Janse van Rensburg het ook 'n skrywe opgestel rakende die wetlike aspekte. Wag nogsteeds vir terugvoering
- ❖ FMS lys - Tshwane  
Dit is 'n lys wat aandui waar die Tshwane voertuie (die 2 bakkies van brandweer in ons besit) brandstof kan gaan hervul. Daar is ook een "tag" van Tshwane af verkry om brandstof te kan ingooi. Daar is verander van SASOL na BP motorhawens toe. Geen probleme is tot dusver ondervind nie.
- ❖ Rayton Fire Services

Daar was in 2010 'n baie groot brand in die gebied oos van die N1 snelweg waar van ons BBV lede gaan help het. Tarien berig sy het self die Brand hoof van Rayton geskakel vir hulp maar hy het bloot geweier om iemand te stuur. Tarien het 'n klagte by die Brandweer se bestuur ingedien maar geen antwoord gekry nie.

❖ Andre Wilken (lid) (O77VK)

Tarien berig sy het 'n skrywe van Andre Wilken ontvang en lees dit voor. In die skrywe bedank hy die BBV lede wat hom kom help het tydens 'n veldbrand. Hy noem dat hulle van sy weiding vir sy diere kon red en hy is baie dankbaar. Die brief is aangestuur na die bestuur vir kennis name

❖ DAFF

'n Versoek is ontvang van 'n lys van teer paaie waar die gras op die skouer van die paaie gesny moet word. Tarien het die lys deurgestuur.

❖ Registreer as I&AP's

Die BBV het geregistreer as belange partye by N1 truck farm op Waterval waar hulle 'n industriele gebied wou registreer. En ook by 'n besigheid op Bultfontein waar hulle hoenderhokke wil opsit. Die BBV het ook geregistreer as belange party by die Onderstepoort ontwikkeling waar hulle 'n 1200 "dwellings" wil opsit. Hulle wil die gedeelte de-registreer, dit is tans deel van 'n natuur reservaat.

❖ Skrywe vanaf Tshwane in verband met Wereld Beker Sokker

Tshwane Stadsraad het 'n brief uitgestuur vir die lede wat gereeld met brande help se werkgewers om hulle te versoek om die lede tegemoet te kom tydens brande. Die brandweer moes konsentreer op die sokker stadions en kon nie lede afstaan vir veldbrande nie. Gelukkig was daar geen groot brande nie.

❖ Toerusting

Skrywe is deur die bestuur gerig aan Frans Glanwell rondom die toerusting en spesifiek die brandkarretjies se enjins wat feitlik almal oor hulle diens tydperk is. Die BBV het versoek dat nuwe enjins aangekoop word aangesien die karretjies self nog in goeie werkende toestand is. Tshwane het aangedui dat daar vroeg in die nuwe jaar aandag gegee sal word.

❖ Brand - Tyre Man

Die buitebande het in 2010 aan die brand geslaan en die perseel was werklik 'n groot bekommernis vir die BBV. Die probleem is onder die Stadsraad se aandag gebring. Wag nog vir terugvoering

❖ Brandgevaar in ons area

Tarien berig dat 'n skrywe aan die brandweer gerig is met die brandgevaar risikos in die BBV se gebied. Dit is saamgestel deur klagtes wat van die publiek verkry is. Daar is enkele boetes uitgereik.

9.8 Brand Beskermings Offisier (Japie Lengoabala)

Mnr Lengoabala is nie teenwoordig nie en die punt word nie bespreek nie.

9.9 Nuwe Sake

➤ Artikel 21 Maatskappy / Gemeenskap trust

Adv Janse van Rensburg verduidelik dat die BBV deur wetgewing in die lewe geroep is. Dit word ook geregleer deur wetgewing. Die probleem is tans dat die BBV onder Tshwane resorteer. Dit is duidelik dat die BBV nie baie goeie samewerking vansf Tshwane kry nie, meer spesifiek van die brandweer afdeling nie. Mnr Lengoabala het nog nie een van die bestuursvergaderings bygewoon nie en dit wys dat daar geen passie van hulle kant af is om deel te wees van die BBV nie - al word hulle verplig om deel te wees. Tshwane self het groot gedeeltes grond in die BBV area. Hulle is verplig om lid te wees van die BBV en lede geld te betaal maar in pleks van lede geld te betaal voorsien hulle die BBV van toerusting. Die toerusting wat hulle voorsien is nie effektief nie, toerusting wat ingestuur word staan vir lang tydperke sonder dat dit herstel word. Die gevolg is dat die BBV bestuur besluit het om eie toerusting aan te koop. Een groot probleem is egter dat die BBV resorteer onder Tshwane en dit is moontlik dat die BBV deur Tshwane ontbind kan word as 'n BBV wat beteken dat al die bates wat die BBV self aangekoop het, en eintlik dan deur die gemeenskap aangekoop is net so deur Tshwane opgeeis kan word.

Adv Janse van Rensburg stel voor dat die BBV 'n organisasie stig, onder die gemeenskap. Dit kan 'n trust of 'n artikel 21 maatskappy of bloot net 'n belange groep. Dit is egter belangrik dat die maatskappy registreer as 'n nie-winsgewende organisasie. Die doel is dat die BBV een maal 'n jaar die bates wat aangekoop is sal oorskuif na die gemeenskaps organisasie toe. Dan kan Tshwane op geen manier aanspraak maak op die toerusting nie. Adv Janse van Rensburg stel voor dat een keer per jaar tydens die BBV algemene vergadering toestemming deur die lede verleen moet word dat die bates na die gemeenskaps organisasie geskuif word en die gemeenskaps organisasie leen dan weer die bates aan die BBV uit en die BBV administreer die bates. Dit word so voorgestel en gesekondeer dat die BBV bestuur mag aangaan met die stigting van die belange groep / nie-winsgewende organisasie

➤ Tshwane - onderhoud op toerusting

Daar word baie geld op die toerusting van Tshwane gespandeer. As dit nie gedoen word nie staan die toerusting en sal brande nie geblus kan word nie. Dit sluit ook aan by die vorige besluit rondom die nie-winsgewende organisasie aan.

Peet meld dat die persone in die beheerkamer van die brandweer goeie samewerking gee. Die probleem lê egter by die bestuur hoër op.

Daar is reeds herstelwerk aan van die Tshwane toerusting gedoen.

Willie van der Walt stel voor dat die ou toerusting gehou moet word en sodra die toerusting ingestuur word dat die ou toerusting ingestuur word en dat die BBV hulle eie toerusting terug hou. Peet gee die versekering dat die BBV bestuur sal voortgaan om uit Tshwane te kry wat hulle moet voorsien.

➤ Arkbeurte 2011 en 2012

17 Desember 2011

18 Februarie 2012

23 Junie 2012

28 Julie 2012

22 September 2012

1 Desember 2012

Die lede wat gereeld help word bedank vir die harde werk. Daar word 'n beroep gedoen op die lede om tydens die ander datums ook te help. Mev Gerber word verkies as aankoper vir die arkbeurte. Tarien versoek dat die arkbeurt vergaderings bygewoon moet word.

➤ Chippie projek

Ansia van Dyk berig dat die Chippie projek 'n fondsinsamelings projek vir die BBV is. Dit is houers wat met chippies gevul word en dan verkoop word. Enige belangstellendes kan die BBV kontak vir verdere navrae. Peet bedank Ansia dat sy die projek bedryf.

➤ Verskuiwing van grense

1. Aan die suidekant - vanaf Pyramid spoorlyn tot net voor Bon Accord.

2. Aan die Oostekant ook 'n moontlikheid -die weermag gronde tot so ver as Boekenhoutkloof basis

Daar is bepaalde voor en nadele. Voordele is byvoorbeeld dat redelike lede gelde ingevorder kan word. Daar is ook bepaalde probleme soos afstande en toeganklikheid.

Tarien stel voor dat die vergadering die BBV bestuur 'n mandaat gee om te besluit oor die aangeleentheid. Die weermag is besig om hulle self in orde te kry rondom die brande. Daar sal 'n "service level of agreement" met die weermag opgestel word. Daar word eenparig besluit dat die BBV bestuur die saak sal ondersoek en 'n besluit sal neem.

## 10. Vrae en afsluiting

Peet vertoon 'n kaart waarop die al die radios stasies en lede se plotte aangedui word. Daar word voorgestel dat 'n plakker op die lede se hoewe nommer borde opgesit word sodat die brandbestryders kan sien waar lede woonagtig is.

Brand opleiding en noodhulp sertifikate word uitgedeel aan die lede wat die kursus voltooi het.

Tarien bedank almal vir hulle hulp en ondersteuning deur die jaar, en ook vir hulle geduld met haar tydens kriesisse.

Peet bedank almal vir hulle geduld en teenwoordigheid tydens die vergadering.

Peet meld dat dit verblydend is om te sien dat die jeug baie betrokke is. Pieter Oosthuizen en Chantell Combrink word bedank vir hulle bydrae tot jeug uitstappies.

Piet Bier word bedank vir die voorsiening van die vervoer tydens die jeug uitstappies.

Peet bedank ook almal wat gehelp met brande, ongelukke en selfs aanvalle.

Spesiale woord van dank aan die manne met vingers vol gries - Christo en Johan Ayers en Hannes Uys wat nagte deur werk aan die voertuie.

Weereens Pieter Oosthuizen wat altyd gereed staan om radios te help installeer of te herstel, as ook die bakster van die seisoen kompetisie wat Pieter geloots het wat 'n groot sukses is.

Al die persone wat verversings na die brande toe bring - dit word opreg waardeer.

Peet bedank ook die bestuur vir al die ure wat spandeer word om die organisasie vlot te laat verloop. Asook hulle gades wat opofferings doen.

Peet bedank ook vir Jan-Piet Cooks vir die samestelling en vertoning van die agenda op die rekenaar skerm.

Tarien vertoon een van die BBV se brandbaadjies wat deur die Brandweer verskaf is.

Voorsitter: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_